# WAG GEDULDIG OP DIE ANTWOORD VAN DIE HERE

**Lees: Psalm 13** **Teks: Psalm 13: 6**

As jy vanoggend hier by die kerk uitstap en terug huis toe gaan dan het jou omstandighede nie verander terwyl jy by die Kerk was nie. Ons het al almal beleef dat ons dringend 'n saak voor die Here bring, miskien het dit vanoggend met jou gebeur, maar dit voel vir jou asof jy 'n ewigheid moet wag om antwoord te kry.

Miskien ervaar jy dit nou reeds, waar jy bid om verligting van die seerkry en die pyn, of van die teëspoed wat jy beleef. Jy wag vir die uitkoms maar dit kom nie. Hoe lank nog wag? Wanneer is dit verby? Voel dit nie ook vir jou so nie? Hoe nou gemaak?

As jy vers 2 lees van hierdie Psalm dan lyk dit ook asof die Here Dawid vergeet het. Dawid se krag is op en hy kan nie meer uithou nie. Waarom wil God nie sy hand uitsteek en help nie. Dawid het al sy eie planne gemaak, maar geen sukses nie. Die vyand heers nog.

Ons beleef baie keer in ons eie lewens 'n stryd met ons probleme: Finansies, huwelike, ouderdom, siekte en noem maar op. Hoeveel keer bid ons nie dat dit moet verbygaan nie? Sal dit ooit eindig? Ons beraam selfs ons eie planne. Dit werk nie.

Maar wat maak Dawid? Hy verlaat nie die Here nie. Inteendeel ons sien hoe Dawid nog heel tyd sy toevlug tot die Here neem. Hy bid steeds dat die Here sy gebed sal verhoor. Hy bid steeds dat die Here aan hom krag sal gee (v4). Hy bid dat hy bly lewe sodat die vyand nie sal dink dat hulle die oorwinning behaal het nie. Dit handel hier ten diepste oor die eer van God. Dawid wil graag die eer van God voorop stel.

As jy terneergedruk is en in 'n donker gat. Dan is dit maar altyd die beste om te weet en te besef dat jy nog steeds jou toevlug tot die Here moet neem. Baie keer is ons te trots om hulp te vra. Maar ons kan nie anders nie. Daar is niks en niemand wat ons uit ons verknorsing kan help nie. Ja ander kan tog raad en leiding gee. Maar niemand kan dit vir jou doen nie. Net jy alleen met die krag wat jy vanaf die Here ontvang.

Neem maar daarom altyd jou toevlug tot die Here en al lyk dit vir jou asof die Here jou verlaat het, en asof Hy nie na jou luister nie, weet dat die Here altyd getrou is. Hy los jou nie alleen nie en laat jou nooit in die steek nie. Mits jy so dink dan raak jy kleingelowig en moet daar 'n gesindheidsverandering in jou hart plaasvind.

Dit beteken nie noodwendig dat die Here aan jou gaan gee wat jy wil nie. In 2 Korinthiërs 12 en in Deuteronomium 33, gee die Here nie aan Paulus en aan Moses wat hulle wil hê nie. Vir Paulus sê Hy: "My genade is vir jou genoeg."

Dawid weet die daarom kom hy in vers 6 en sê: “Ek hou vas aan U troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart.” So beleef Dawid vreugde en blydskap oor die uitkoms wat die Here gegee het. Nie noodwendig soos hy dit wou gehad het nie.

Daarom word ons geroep om geduldig te wag op die antwoord wat die Here vir ons sal gee op ons gebed. Ons hoef nie terwyl ons wag in sak en as te gaan sit en wonder nie. Die Here het gehoor. Ons moet egter ook nie ophou bid en vra nie, want die Here wil hê dat ons geduldig moet wees terwyl ons wag. Hy sal krag gee en ons dra terwyl ons beproef word in ons lewens.

Die Here het sy kinders lief. Juis daarom het Hy sy Seun, Jesus Christus aan die kruis vir ons sondes laat sterf. Hy belowe sy krag en hulp en bystand en help elkeen van sy kinders. Hy wil graag hê dat ons op Hom vertrou en weet en besef dat die Here ons nooit ooit sal verlaat nie, maar getrou ons in liefde ondersteun en onderskraag. Hy sal jou gebede verhoor.

**Ds. Neville Boy**
**30 Julie 2017**